**HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD**
**AFRIKAANS HUISTAAL**
**GRAAD 9**
**TAAK: 9**
**DATUM: NOVEMBER 2016**
**TYD: 55 MINUTE**
**TOTAAL: 30**
**EKSAMINATRISE: MEE. H ROUX EN M. BASSON**

---

**Nasieninstrument: Nasienrubriek**

## Instruksies:

**Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings:**

**Afdeling A: Opstel (20)**

**Afdeling B: Transaksionele skryfstuk (10)**

- **Beantwoord een vraag uit elke afdeling.**
- **Jy moet by elke skryfstuk 'n eerste poging en 'n finale poging in pen hê.**
- **Onthou om by elke skryfstuk die titel/opskrif te gee en ook om die aantal woorde aan te dui.**
- **Baie sterkte.**

---

## Afdeling A: Opstel

**Kies een van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 250-300 woorde.**

1. **Beskrywende opstel: As iemand jou sou vra watter oomblik in jou lewe jy weer wil oorhê, watter oomblik sal jy kies? Watter oomblik was vir jou die héél kosbaarste? Beskryf daardie oomblik. (Onthou om jou sintuie te betrek in jou opstel.**

**OF**

2. **Verhalende opstel: En jy dink jóú aandjie uit was 'n fiasko!**

**OF**

3. **Die dag toe ek na die kantoor toe geroep is.**

**(Totaal: 20)**

## Afdeling B: Transaksionele skryfstuk

**Kies een van die volgende onderwerpe en skryf 180-200 w00rde daaroor. Toon duidelik aan watter nommer jy gekies het.**

1. Vriendskaplike brief:

Julle het onlangs verhuis en jy moes noodgedwonge by 'n nuwe skool inskryf. Jy het aanvanklik gesukkel om aan te pas, maar het tog weldra jou voete gevind. Skryf 'n brief aan jou vriend / vriendin waarin jy hom / haar verstel by watter aktiwiteite jy aangesluit het en watter rol dit gespeel het om weer jou ou self te wees.

OF

2. Dialoog:

Jy word valslik deur 'n sekuriteitswag van 'n groot afdelingswinkel van winkeldiefstal beskuldig. Hy neem jou na die bestuurder. Skryf 'n dialoog tussen jou en die bestuurder en hoe jy hom van jou onskuld wil oortuig.

OF

3. Dagboekinskrywing:

Jou lewe is tans 'n deurmekaar emosionele warboel. Skryf drie dagboekinskrywings waarin jy telkens na kontrasterende emosies verwys.

(Totaal: 10)

**GROOTTOTAAL: 30**